**23 Julie**
**Skrifgedeelte: Eksodus 30:1-8**
**Fokusgedeelte: Eksodus 40:5; Matteus 27:50,51**

**Die vrymoedigheid om te bid**

In Eksodus 30:6 kan jy lees *waar* die reukofferaltaar moet staan: “voor die voorhangsel”. Die voorhangsel was die driedubbele gordyn wat tussen die heilige en allerheiligste gehang het. Agter die voorhangsel staan die verbondsark met sy pragtige versoendeksel. Dit is die simbool van God se heilige teenwoordigheid. Dit simboliseer die troon van God wat onder sy mense woon. Die wierookaltaar moet dus so naby moontlik aan die troon van God staan.
Met die opstel van die tabernakel moes die ark eers neergesit word, daarna die wierookaltaar reg voor die ark! Eers daarna is die voorhangsel tussen die ark en die wierookaltaar opgehang, asof dit nie daar gehoort het nie. Tussen die ark en die altaar was die gordyn dus soos ‘n hindernis. Die toegang tot God was nie oop en vry nie. Die voorhangsel dui op die volk se sonde en ongehoorsaamheid, wat toegang tot die allerheiligste God verhinder. Die sondaar kan nie sommer netso tot God nader nie.
Toe Jesus Christus aan die kruis sterwe, het hierdie voorhangsel geskeur. Elke gebed kan nou soos ‘n heerlike wierook sonder verhindering voor God opstyg. Dit is deur Jesus se dood dat ons nou vrymoedigheid het om nie net een maal per jaar nie (soos die hoëpriester op die Groot Versoendag), maar elke dag vrymoedig tot God te gaan! As ons dus bid, moet ons “in die Naam van Jesus Christus” bid. Elke keer as ons dit doen, roep ons die offerwerk van Christus aan die kruis in herinnering. Op grond van sy offerwerk hoor die Vader elke opregte gebed wat in die Naam van sy Seun gebid word.
*Sing: Skrifberyming 8:1 Ds M van Helden (Centurion)*